4. Myne is myne

Inleiding:

Vandag se teks gaan oor vrygewigheid – om weg te gee en nie soveel as wat jy kan vir jouself te hou nie.

Teks:

Matteus 6:19-24 (Bybel vir Almal)

19"Dit moenie vir julle belangrik wees om mooi en duur goed bymekaar te maak hier op die aarde nie. Motte vreet dit en dit roes, diewe breek in by huise en steel dit. 20Dit is beter om vir julle goed bymekaar te maak in die hemel en om daar ryk te wees by God. Daar kan motte dit nie vreet nie en dit kan nie roes nie, en diewe kan nie daar inbreek en dit steel nie. 21Die dinge wat in die hemel by God is, moet vir jou die belangrikste wees. Dan sal jy net dink aan God wat in die hemel is."

22"Jou oog wys hoe jy is. As jou oog reg kyk en jy sien wanneer mense swaarkry en jy help hulle, dan is jy vol lig. 23Maar as jou oog verkeerd kyk en jy sien wanneer mense swaarkry maar jy help hulle nie, dan is daar nie lig in jou nie. As daar nie lig in jou is nie, dan is dit baie donker rondom jou."

24"'n Mens kan nie vir twee persone werk nie, want hy sal niks hou van die een persoon nie en hy sal baie hou van die ander persoon, óf hy sal hard werk vir die een persoon en hy sal niks vir die ander persoon wil doen nie. Julle kan nie vir God dien en óók dink geld en baie ander dinge is so belangrik soos Hy nie.

Joernaal: (Skryf elke week jou gedagtes rondom die teksgedeelte en vrae in 'n boekie of papiere wat jy bêre sodat jy kan teruggaan om dit weer te lees, dit kan ook handig wees om dit te hê wanneer die groep op Whatsapp die gedeelte bespreek).

- Wat het jy nie verstaan nie of wat is vir jou vreemd van die teks?
- Verduidelik: Jesus praat met mense in Galilea en hulle was oor die algemeen arm mense. Die Jode het geglo dat 'n geseënde lewe beteken dat jy baie geld en goed

het. As jy arm was, het jy sonde in jou lewe gehad wat maak dat God jou nie seën nie. Wat sou deur jou gedagtes gegaan het toe jy vir Jesus hoor?

- Wat dink julle bedoel Jesus daarmee dat motte en roes en inbrekers *skatte* verwoes?
- Wat is jou skat - die ding wat vir jou die waardevolste is? Hoe laat dit jou voel dat dit eendag gaan breek of gesteel gaan word of nie meer gaan werk nie?
- Hoekom dink julle sê Jesus: “Dit is beter om vir julle goed bymekaar te maak in die hemel en om daar ryk te wees by God.”
- Watter voorstelle maak Jesus om “ryk” in die hemel te wees?
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Prakties:

Maak ‘n lysie van 5 waardevolle items (skatte) wat spesiaal is vir jou, maak nog ‘n lysie van 5 skatte wat ‘n mens in die hemel kan versamel. Deel dit dinsdag met die groep.

Terugvoer:

Hou ‘n tydjie Maandag/Dinsdag oop dat ons so deur die loop van die twee dae kan terugvoer gee vir mekaar!